GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 6 November 2022

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardae

4 November	Ds SJ (Simon) Ntuli – GK Munywana
	Ds JC (JC) Potgieter – GK Tshwane
5 November	Mev W (Wya) van der Waal, eggenote van ds WM (Willem) van der Waal – GK Linden
6 November	Mev HAH (Ester) Botha, eggenote van ds WJ (Willem) Botha – GK Bloemfontein-Noord
	Mev V (Vicki) Fourie, eggenote van ds RB (Reynold) Fourie – GK Bellville-Oos
8 November	Ds CJ (Johan) van Heyningen – GK Stellenbosch
9 November	Ds JD (Dreyer) Potgieter – GK Meyerspark

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

3 November	Dr ME (Etienne) Schalekamp – GK Ontdekkers
4 November	Mev SM (Sielie) Laubscher, eggenote van ds NG (Nic) Laubscher – GK Buffeldoorns
	Mev SJ (Sarie) Snyman, eggenote van ds SD (Danie) Snyman – GK Pretoria-Magalieskruin
7 November	Mev A (Annah) Lekgetho, eggenote van ds PJ (Philip) Lekgetho – GK Boikhutso

Hartlike gelukwense aan die volgende personeellid met haar verjaardag

5 November	Mev Carmie Huisman

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Doodsberigte

Ds PJ (Petrus) van Blerk van GK Rietvallei is op 29 Oktober 2022 oorlede.

Ds van Blerk was die predikant van GK Birchleigh (1991-2000), GK Kemptonpark-Mooifontein (2000-2005), GK Vereeniging-Oos (2005-2007), GK Rustenburg-Wes (2007-2015) en GK Rietvallei (2015-2022).

Simpatie betuiging aan

- Mev Zelda van Blerk van GK Rietvallei met die afsterwe van haar eggenoot, Petrus.
- Mev Gerda Naudé (weduwee van ds Chris Hatting – GK Randburg) met die afsterwe van haar eggenoot, Willie.
- Dr Kobus en Rina Erasmus, emeritusegpaar van GK Volksrust, met die afsterwe van haar broer, Paul Vermeulen (seun van wyle ds AJR Vermeulen, emerituspredikant van GK Eendracht).

Hartlike gelukwense aan

Ds Dirk en San-Marie Dykstra van GK Nigel, met die geboorte van ‘n dogtertjie.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Ds SA (Stephanu) de Villiers van GK Grootfontein na GK Vredenburg/Saldanha

Die Teologiese Skool Potchefstroom bied aan:
TSP HERLAAI (/RECHARGE): WETENSKAP EN GELOOF IN DIALOOG

Ons nooi alle belangstellendes vriendelik uit na ons volgende 'TSP-herlaai'-geleentheid.

Tema: **Wetenskap en Geloof in Dialoog**
Spreker: **Prof Frik van Niekerk**
Datum en tyd: **14 November 2022 om 15:00-18:00**
Lokaal: **Konferensielokaal Fakulteit Teologie (K23-204) en virtueel**
Registrasiefooi: **Aanlyn: R100. In persoon: R250 (sluit verversings in). Studente: R50**

Registreer asb. teen 8 November deur op die volgende skakel te volg: https://forms.gle/5knTQpqZT8uzDS9J6

Tydens die gesprek *Wetenskap en Geloof in Dialoog* word oortuigende argumente vir harmonie tussen natuurwetenskap en teïsme (God het geskep en bly persoonlik betrokke by sy skepping) aangebied. Argumente word aangebied dat wetenskaplike bevindings teïsme bevestig. Die natuur is georden volgens verstaanbare, rasionele, konsekwente wette, wat bevestig dat daar 'n Skeppergod moet wees.

Hierdie uitgangspunt word deur onlangse ontwikkelings in die moderne natuurwetenskap bevestig:

- Die ontdekking dat die heelal 'n begin gehad het en die oorvloedige wetenskaplike getuienis van fyninstelling word ten beste verduidelik deur 'n teïstiese lewens-en wêreldbeskouing.
- Naturalistiese verklarings vir die bestaan van die heelal en lewe skiet te kort.

Ses mites wat bygedra het tot die teorie dat daar konflik tussen wetenskap en geloof bestaan, word tydens die geleentheid ontbloot.

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2022 – 30 Junie 2023):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343

Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493

Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464

Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

Om in te teken op Die Kerkblad –
tydskrifte@gksa.co.za
of skakel 018 297 3986

GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
(Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
(verpakking en koerierkoste uitgesluit)

			
R90.00	***R100.00***	***R140.00***	***R140.00***

Potchefstroom Teologiese Publikasies [PTP])

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
(verpakking en koerierkoste uitgesluit)

			
R90.00	***R65.00***	***R110.00***	***R99.00***

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos. Die Skrif sê tog: "Elkeen wat in Hom glo,

sal nie beskaamd staan nie.

Romeine 10:10 en 11